**SKRIFLESING**: Luk 2:8-20
**Tema:** Geseënd om te seën

Vir die oorspronklike verhaal van die uitdeel van geskenke met Kersfees, stel ek vir St Nicolaas aan die woord. Ek vertel sy verhaal asof hy dit self vertel:
My naam is Nicolaas en ek is gebore in die jaar 280 nC in 'n klein dorpie met die naam Patara in Turkye. My ouers was belangrike en ryk mense. Hulle het altyd goed vir my gesorg.

Maar toe gebeur daar 'n vreeslike ding. 'n Pessiekte breek uit. En onthou nou, in my tyd was daar nog nie hospitale en dokters en al die medisynes wat julle vandag het nie. Daarom het duisende mense aan die pessiekte doodgegaan, ook my ouers. Dit was vir my baie erg, want ek was nog maar jonk. Wat my egter laat oorleef het, was my geloof in ons Here Jesus Christus wat ek by my ouers geleer het.

In daardie dae was daar nog nie boeke soos julle vandag het nie. Daarom het ons die meeste van die Bybel en van Jesus geleer deur dit wat mense, veral ons ouers, aan ons oorvertel het. Een van my gunstelingverhale was die verhaal van Jesus se geboorte. Dit is een van die min dinge wat ek van my ouers kan onthou. Elke jaar met die herdenking van Jesus se geboortedag het my pa ons vertel van Jesus wat in 'n stal gebore is, van die skaapwagters en die engelekoor wat gesing het: “Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het” en die wyse manne wat kom eer betoon het.

Hierdie verhaal het telkens 'n baie diep indruk op my gemaak. Om te dink dat Jesus dit vir my gedoen het; dat God my so liefgehad het dat Hy as' t ware neergedaal het na die aarde toe deur sy Seun te stuur om vir my gebore te word, vir my te sterwe, om so vir my en al die ander mense wat glo die ewige lewe te gee. Ek het daarom my bes probeer om in my lewe iets van die liefde van God sigbaar te laat word om so te help dat die vrede op aarde wat Hy gebring het en waarvan die engele gesing het, 'n werklikheid sou word.

Ek is na my ouers se dood weg uit Patara en het by familie in die dorpie met die naam Myra gaan bly. Daar het ek groot geword en elke dag probeer uitleef wat ek by my oorlede ouers geleer het. Op 'n dag het die mense van die plaaslike kerk my kom vra of ek nie kans sien om leiding te neem in die gemeente nie, want die vorige leier is oorlede. Daardie tyd het hulle die leiers van 'n gemeente ‘biskop’ genoem. So het dit dan gebeur dat ek biskop Nicolaas geword het.

Daardie tye was maar moeilike tye vir die Christelike kerk. Die Romeinse keisers het niks van Christene gehou nie. Een van hulle, keiser Diocletianus, het my laat arresteer en my in die tronk gegooi, net omdat ek 'n Christen was, veral omdat ek biskop was. Maar die Here sorg darem vir 'n mens. Hy het 'n volgende keiser, keiser Konstantyn, 'n gelowige laat word en keiser Konstantyn het my vrygelaat uit die tronk. Ek is terug na Myra toe en het weer aangegaan met my werk as biskop.

Vir my was dit die heel lekkerste om mense te kan help. Ek het my bes probeer om te sorg dat die armes altyd ietsie het om te eet, al het dit beteken dat ek die boere en die winkeleienaars moes gaan vra en soms moes soebat vir kos. Baie mense het na my toe gekom om hulp te vra. En as ek kon help, het ek dit graag gedoen. Met my erfgeldjies en die

geldjie wat ek as biskop gekry het, het ek gehelp sover ek kon.

Nou wil ek julle 'n geheim vertel. Elke Kersfees het ek, op die aand voor Kersdag, 'n vermomming aangetrek en dan het ek skelmpies na die huise van die arm mense in die dorp gegaan en stilletjies vir die kinders by daardie huise 'n geskenkie neergesit sodat hulle ook iets kon hê om oor bly te wees met Kersfees. Ek het dit so geniet om die volgende dag te hoor hoe verras en opgewonde die kindertjies oor hulle geskenkies was.

Ek is oorlede op 6 Desember 342 nC. Na my dood het die kerk my verhef tot 'n heilige en het hulle my Sint Nicolaas begin noem. Hulle het my oorskot na Italië toe gevat en daar gaan begrawe. Dit is tot vandag toe nog daar.

Dit is werklik hoe Sint Nicolaas se lewensverhaal sou klink as hy vandag met ons sou kon gesels. Dit is die verhaal van iemand wat nie geloof ingewikkeld gemaak het nie. Iemand wat gestreef het om soos Jesus te wees, sy liefde en vrede uitgeleef het. Iemand wat geseënd was om te seën.

Maar later het mense snaakse dinge met hom begin aanvang. Sint Nicolaas het Santa Claus, Sinterklaas, Kersvader geword... Dit is nie wie hy was nie, hy wou net ander dien soos Christus.

Ook die skaapwagters in ons Skrifgedeelte is geseën en hul het die seën gaan uitdeel.
Ons lees van hulle in Lukas 2:17-18 en 20: “Toe hulle Hom sien, het hulle vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle gesê is. Almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters hulle vertel het.
Die skaapwagters het toe teruggegaan terwyl hulle God loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Dit was alles net soos dit vir hulle gesê is.”

Geen mens kan kniel by die krip en onveranderd daar wegstap nie.

Van ons wonder waarom ons so geseënd is. Eintlik is die antwoord op hierdie vraag baie eenvoudig. Ons is geseënd om te seën.
Die Here oorlaai ons met sy geskenke van sorg, liefde en vrede, Hy seën ons met alles wat ons is en het om dit te gaan deel met hulle wat nie het nie.

Ek sluit af met ‘n skrywe van Dana Snyman my nogal laat dink het oor die uitdeel van die Here se seën. Die titel van sy skrywe is: “Hulpbehoewendes”
Hulle is oral. Jy sal uit jou kar klim of op die sypaadjie stap, dan sal een nader kom: “Het meneer nie vir my daar ‘n paar los sente nie?” of “Net ‘n tweerandjie, my lanie. Asseblief my lanie.”
Soms is dit ‘n man, soms ‘n vrou, soms ‘n kind. Soms gee jy iets, dikwels net om van hulle ontslae te raak. Jy is moeg van hulle.

Ander kere maak jy of jy hulle nie sien nie. Jy stap net aan, en kyk die verte in, en dink: loop net, loop. Maar dit werk nie met almal nie. Party kom soek jou op. Hulle kom roep by jou tuinhekkie of kom klop aan jou deur: “Jammer meneer. Kan ek meneer se kar was? Ons kry swaar.” En wanneer hy jou kar klaar gewas het en weg is, is jou donkerbril wat in die kar

was, ook weg.

Party verskyn voor jou waar jy die sewe-uur nuus oor die TV sit en kyk. Shack fires in die township. Three dead. Hundreds destitute. Please sent blankets. Send clothes. Sent money.

Skaamteloos agtervolg hulle jou. Een sal jou sommer by die drankwinkel voorkeer: “Ek wil net ‘n broodjie koop, meneer.” Dan gee jy dalk maar weer, want jy is self ook nie oppad om ‘n broodjie te gaan koop nie. Of jy probeer van hom af wegkom, maar sy storie kom agterna: “Ek’s eintlik van Welkom af, meneer. Ek’s ‘n qualified boiler maker, toe sluit die myn mos…”

Hulle treiter jou met hulle stories. Ook die vrouens. Miskien het dit iets met trots te doen, maar ‘n vrou vra selde reguit vir geld. Sy kom staan voor jou met haar gebarsde lippe en probeer haarself sag in jou beursie in praat: “Ek was ‘n lugwaardin, met my eie flat… toe gang rape hulle my… nou sit ek hier…”

Party se stories glo jy glad nie. Oor ander se stories wonder jy, of jy verkies om hulle stories nie te glo nie. Jy probeer om van hulle ontslae te raak, maar jy kan nie.

Soms, veral hier in Kerstyd, wonder jy selfs: Sê nou een aand - terwyl jul in jul gerieflike huis aansit by ‘n heerlike aandete - is daar ‘n klop aan jou deur. Jy gaan maak oop, en sien daar staan ‘n man en ‘n vrou onder jou hek se lig. Die vrou is jonk en verwagtend. Die man is ouer as sy. Nie een dra ‘n trouring nie. “Ons vra hulp, meneer,” sê die man. “Ons kom van ver af. Ek kan werk. Ek’s ‘n carpenter. Ons het rondgevra, maar die hotel en al die gastehuise is vol...”
Sê nou dit gebeur, sê jy vir jouself, wat sal jy dan doen?
**Amen**